# Lesing 31.01.2019 - Sewe dae van stilte - Lesing 1

**SEWE DAE VAN STILTE AFGEKONDIG gedikteer aan Estelle Muller op 26 Augustus 2010**

Daar kom `n nuwe seisoen, daarom wil ek julle vrymaak. Ek wil My bruid oprig, want sy moet die oes inbring. Die Gees en die Bruid sê kom ... Julle is lank nie meer slagoffers nie, maar onthou dat My vyand My waarheid in julle wil afbreek omdat dit dan tog Ek is wat julle in julle dra. Laat julle enigste motivering in die lewe My Liefde En Waarheid wees. Omhels elke seisoen wat ek bring.

Seisoene bring lewe en groei Kom rus in my winter en word sterk en wees gereed met hernude krag: Eseg. 37 Die vallei van dooie bene - profeteer My Lewe en My Woord in al my Bruid se doodsbeendere en beveel haar in My Heilige Naam om te LEEF. Dooie bene, hoor My Woord en Leef. Dra die klank van My Almag in stilte vir 7 dae en laat My Ramshoring in die Gees die vestings vernietig, sodat My bruid uit die dood kan opstaan. Stel my hemelse klank vry, sodat mure kan val wat nie deur die swaard afgebreek kan word nie. Hou goeie moed, Ek het reeds die vyand oorwin.....

**AAN DIE MANS IN MY VOLK**

Moedige vegter. Ek sien jou ywer en liefde vir My saak en Ek verheug My oor jou.

My opdrag is eerstens dat ieder en elk sy eie dor bene sal identifiseer wat direk die wedergeboorte in die Gees verhoed.

Weet jy dat My las lig is en my juk sag? Hoe voel die juk van jou liefde teenoor ander- is dit vir hulle soms te swaar om te dra? Kyk binnetoe My kind, het Ek dan nie vir jou 'n vrye wil gegee nie? Dieselfde vrye wil gee Ek aan elkeen van My kudde.

Laat My lammers wei. Liefde, liefde en liefde is wat My kleintjies nodig het. Hulle leer tog uit jou lewe en voorbeeld- net soos julle uit My voorbeeld lewe en strewe om soos Ek te wees.

Waak daarteen om My kinders te etiketteer! Jy weet nie waarheen Ek met hulle op pad is nie. Jy ken nie hulle pyn, vrees, nood, smart en lyding nie. Is Ek nie in beheer van My kudde nie? Laat My lammers wei – soos wat Ek jou toelaat om te wei en My te soek in elke klip en grassie wat jy teëkom.

Wees jy vir My 'n toonbeeld van My Liefde.

Kennis, My liewe kind, is net so gevaarlik as wat dit noodsaaklik is. Die belangrikste is die suiwerheid en opregtheid van My Liefde in jou.

Kennis hou die gevaar van hoogmoed in. Elke kind in My skepping het presies gekry wat hy of sy nodig het om My voluit te kan liefhê.

Sommige van My kinders kan nie lees of skryf nie - maar dit beteken nie dat hulle die Geestelike geboorte laaste sal ontvang nie… Die mammas wat My kindertjies opvoed met volle oorgawe en liefde vir My - en dalk te moeg is en selfs nie tyd het om die kennis te vergader wat vir jou al te belangrik is nie… hulle leef dalk nader aan My voete en stywer teen My bors met volle oorgawe aan My – as 'n ander wat na kennis smag en soms van "My" vergeet. Hulle vergeet dat diegene wat kinderlik opreg is, besef dat hulle taak te groot is om sonder My nabyheid te kan bestaan.

Die brood alleen is nie genoeg nie.

Waak en spreek My Lewe en Woord in jou dor bene. Ondersoek vir die dor bene van trots, hoogmoed, hardheid en ongenaakbare oordele.

Beskerm jou huwelik met My Liefde. Ek het julle reeds gemaan dat julle nie so mag optree dat julle vroue en My kleintjies (ook groter kleintjies) moedeloos raak nie.

Kyk hoe lief het Ek jou – hoe Ek jou koester en bewaar in My hart …Hoe sou jy My Liefde kan ervaar as Ek te wetties teenoor jou gehandel het?

Kweek liefde, respek en agting by My kudde deur jou voorbeeld. Voorbeelde trek – woorde alleen laat te veel plek vir jou menslikheid, trots en selfverheffing.

Ywer eerstens in jou huwelik, - want dit weerspieël My Liefde. Jy moet jou vrou liefhê - eerstens vir My, dan jou vrou wat Ek aan jou gegee het – daarna jou kinders (al My kinders).

As jou orde hier versteur is, veroorsaak julle dor bene in My kleintjies kan kleins af.

Ek sien jy begeer die Wedergeboorte. - Hoor My Stem as Ek jou roep om die dor bene te sien, want daarbinne lê jou selfopgelegde struikelblokke wat jou weerhou van wederbaring.

Hê julle vroue lief. SY is die moeder van My volk en is tog die kroon van My skepping.

Sy is 'n fyn geslypte diamant wat My Stem hoor en verstaan om alleen by My te skuil – digby My Hart waar sy rus vind vir haar siel.

# Lesing 02.02.2019 - Sewe dae van stilte - Lesing 2

### Die verdrywing uit die Paradys (Huishouding van Elohim Boek 1 Hfs 13)

**13** Nou keer ons terug na Adam en na Eva en sal sien hoe hulle verdere liggaamlike lewens en die van hulle twee nasate verloop het voor die alsiende Oë van die gewydheid van JaHWeH! En kyk, na `n kort tydjie, wat volgens julle berekening **dertig aardse omwentelings** om die son beloop het, wat julle jare noem, het die paartjie in die kring van hulle geseënde nasate gelewe, Hulle getal was dieselfde as die aantal jare en **almal, behalwe Kain, was geseën.**

[3] Al wandelend en in bepeinsing het hy aan die oewer van die groot "Eheura" rivier gekom, wat beteken, "gedenk die tyd van JaHWeH"! - want dit was wat die kabbelende stroom uitgeroep het; - maar **Adam, verdiep in wêreldse gedagtes**, het dit nie opgemerk nie, ook nie die betekenis van hierdie roepstem van die kabbelende golwe van die rivier verstaan nie.

[4] Terwyl hy op hierdie wyse langs die oewer gestap het, het hy skielik met sy linkervoet aan `n plant vasgehak, wat eers bo die grond gekronkel het en dan weer om `n boom verstrengel was. En hy het baie hard geval en vir die eerste keer groot pyn ondervind. Kwaad kyk hy die struik aan en roep hom ter verantwoording en het aan die struik gevra waarom hy nie sy meester ken nie

[5] En **die plant** het hom geantwoord: “Nee, ek ken jou nie!”

[6] **Adam** bekyk toe die gewas meer noukeurig en het dit nie herken nie, en vra weereens aan die plant: “Wat is jou naam en jou funksie?”

[7] En kyk, **`n wind** het deur die blare geruis en die geruis kon hy verstaan, en dit het as volg geklink: “**Pluk die bessies van my takke, pers die sap uit en drink daarvan** en daarna sal my naam en my geskiktheid aan jou bekend gemaak word!”

[8] Blind en versonke in sy gedagtes het Adam gedoen wat die kronkelende gewas hom aangeraai het, en dit, terwyl hy die **dag van JaHWeH** vergeet het. Hy het van die vrug geneem en geëet, hulle was baie soet; hy was bly oor hierdie nuwe ontdekking en was dikmond vir die Engel, omdat hy nie vir hom hierdie smaaklike gewas uitgewys het nie.

[9] Adam het `n groot aantal van hierdie bessies gepluk en **huis toe geneem** en kom daar aan toe die son besig was om onder te gaan.

[10] Eva, begelei deur Kain, die enigste wat oor hom bekommerd was, het hom tegemoet gegaan. Hulle nie geweet waarheen hy gegaan het nie - die ander het wel geweet, maar was op die dag van JaHWeH nie bekommerd oor Adam, die vader van hulle liggame nie, aangesien hulle kinders van seën was en het op hierdie dag hulle gedagtes besig gehou met Elohim en Sy ewige Liefde - en het dus `n groot deel van sy las vir hom verlig. Hy het aan hulle hierdie nuwe ontdekking meegedeel; **Eva was tot `n groot mate bly daaroor en het met Kain se hulp, met die bessies gedoen, soos wat Adam beveel het**.

[11] Toe neem **Adam** die geparste sap en sê: “Laat ons sy naam en sy geskiktheid uitvind!”

[12] Daarna drink hy met volle teue aan die sap, het daarna vir Eva, ook vir Kain en uiteindelik vir almal gegee om daaraan te proe, **behalwe vir Abel**, wat nog nie teenwoordig was nie, aangesien die vuur op die altaar wat hy opgerig het, nog gebrand het, om `n **aangename aanbieding vir die Meester te bring**, vir die **gewydheid** en die **Liefde** van JaHWeH.

[13] Adam en Eva, en almal wat van die sap gedrink het, **het bedwelmd geraak** en onder die invloed het Adam en Eva en almal uit Adam en Eva wild in die **begeerte van die vlees** ontbrand en saam met Adam en Eva **ontug en hoerery** bedryf, terwyl Abel by die altaar van JaHWeH gebid het.

[14] Nadat hulle onder die invloed, klaar gehoereer het en van Elohim en die altyd vooraf aangewese en verskuldigde aanbieding van hulle harte vergeet het, verskyn **die Engel met die vlammende Swaard** in sy regterhand eers aan Abel en sê baie vriendelik vir hom:

[15] “JaHWeH het `n groot welgevalle aan jou aanbieding gehad, sodanig, dat hy vir **jou as redder van jou ouers en broers en susters uitverkies het**, waarsonder hulle nou op die **dag van JaHWeH** ten **gronde sou gegaan het**, aangesien hulle Hom vergeet het en hulle gemoedere tot op die aarde laat sink het en nie deel het aan die seën wat altyd op hierdie dag volgens die vasgestelde orde van bo uitgaan na alle ruimtes van die oneindigheid nie!

[16] Daarom het ek sigbaar teruggekeer, vir eers om **jou aanbieding** in hierdie houer van die **barmhartige Barmhartigheid** op te neem, wat daar die **ewige Seun in die Vader** is. Ek sal dit plaas voor Sy allergewyde Aangesig, die Oogappel van die ewige Vader, maar ook om die **oortreders van die Wet van Liefde** en die Gebooie van die gewyde Barmhartigheid te **tugtig** en om van hulle `n groot deel van die **geskenke weg te neem** en hulle te slaan met **blindheid** en hulle **uit die Paradys te verdryf.**

[17] En verlaat nou jou offeraltaar en staan aan my linkerkant, sodat die regterhand wat tug, vir die oortreders vry bly en volg my na die woning van oortreding! En wanneer ek die slapende sondaars uit die dronkenskap van hulle hoerery wakker gemaak het en hulle vreesbevange voor die Swaard van Geregtigheid laat vlug, **volg hulle dan as `n medevlugteling en dra vir die ouers van jou liggaam**, `n klein deel van die verlore geskenk saam en gee dit daar vir hulle as versterking, waar hulle moeg, uitgeput en huilend op die aarde sal neersak in `n land ver hiervandaan, wat "Ehuegil" of "Land van toevlug" genoem word en in daardie land moet jy ook `n offeraltaar, net soos hierdie een, oprig, wat **aanhoudend** sal brand, ook onder die waters wat eendag oor die aarde sal kom en wat tot `n berg sal word, wat nie deur `n sterflike voet beklim sal word, tot die **groot tyd van die tye**, waar hy sy hoof sal laat sak na die laagtes, wat daar sal heet "**Betlehem**" of die

kleine stad van die **grote Koning**, wat eendag die grootste sal word op aarde; want Sy Lig sal helderder skyn as die lig van die geeste der geeste van alle sonne. En op **hierdie nuwe altaar** moet jy in die **land van vlug**, jou dankaanbieding aan JaHWeH bring vanuit alle ryke op aarde, na hierdie land van toevlug, sodat die land draaglik kan word vir die sondaars en om die wat berou, te versterk en om die wat treur, te troos!"

[19] En sien, dit was in die middel van die nag - en dit mag nie vroeër plaasgevind het nie, as gevolg van die dag van JaHWeH, - toe die Engel van JaHWeH, met Abel oor die drumpel tree, van die oggend se kant af.

[20] Abel het die drumpel betree, en begin om te huil oor die groot ongeluk wat nou sy familie sou tref.

[21] **Die Engel** praat egter met `n sagte stem, moenie ween nie, Abel, jy die seën vervulde seun van Barmhartigheid. Doen, wat ek vir jou uit die ewige Liefde se mond beveel het, en moet nie skrik oor die donderende woorde wat oor hierdie slapende sondaars uitgestort sal word nie!"

[22] En Abel het die Engel gehoorsaam; en toe hulle naby sy familielede kom, donder die Engel vreeslike ernstige woorde van **verskrikking en van groot angs** oor die sondaars wat nou ontwaak het en met groot Krag en Mag roep Hy:

[23] "Adam, staan op, dink aan jou skuld en vlug van hier af; want jy kan voortaan nie meer hier bly nie! Jy het die Paradys vir jou en al jou nasate verloor tot op die groot tyd van tye en so ook deur jou skuld `n groot gedeelte van die geskenke, aangesien jy die dag van JaHWeH vergeet het en jou laat bedwelm het met die **sap van `n plant, wat `n meesterstuk van die slang was, uitgedink om jou, jou vryheid te ontneem, jou voete te verstrik en om jou sintuie te verwar**, sodat jy vir Elohim vergeet het en jou in growwe oortreding laat inslaap het.

[24] So vlug nou waarheen jy wil, - uit die Aangesig van die Liefde! En orals waarheen jy sal vlug, sal jy die regverdige toorn van Elohim in oormaat tref; maar die aandeel van Liefde sal vir jou slegs karig uitgedeel word!"

[26] Adam, asook sy familielede, het so groot geskrik toe hulle die Engel sien dat hulle spraakloos was, en nie `n enkele woord as verskoning kon uitbring nie. Verlam van die groot skrik; het hy nou eers begin insien, wat hy en al sy familielede voor die Aangesig van JaHWeH gedoen het.

[27] Hy val toe op sy aangesig voor die Engel van JaHWeH neer en met `n groot geween het hy hardop om barmhartigheid begin pleit, want die vlammende Swaard het sy oë geopen en in die ysingwekkende lig van bestraffende Geregtigheid het hy die volle omvang van die onbeskryflike onheil en las, waarin hy homself en al sy familielede deur sy ligsinnigheid gedompel het, waargeneem.

[28] Maar **die Engel** het met toegebinde oë en toegestopte ore daar gestaan, soos wat die Liefde van die Vader dit aan hom beveel het en het harder gepraat as al die donderslae vanuit die Mag en Krag van JaHWeH:

[29] "In die geregtigheid is daar geen barmhartigheid nie en in die oordeel is daar geen vryheid nie; vlug daarom, gedryf deur die bestraffende Geregtigheid, sodat die oordeel van JaHWeH nie jou trae voete inhaal nie! **Want die straf is die loon van die Geregtigheid.** Wie dit aanneem, soos wat hy dit verdien, kan nog op die erbarming reken; maar wie teen die Geregtigheid en Haar gevolge teenstand bied, is `n verraaier van die onaantasbare gewydheid van Elohim en sal geplaas word onder Haar oordeel, waar daar geen vryheid meer is nie, maar net die ewige gevangenis in die Toorn van Elohim.

(Hulle kom toe uiteindelik op die plek van vlug uit)

[42] En kyk, hierop loop **die Engel** van die Meester, wat hulle tot nou toe sigbaar agtervolg het, na Abel toe wat daar volkome fris gestaan het, deur die Mag en Krag van bo, en hy sê:

[43] "Abel kyk, van alle aanbiedinge wat jy in volle suiwerheid van jou gemoed aan die Meester van gewydheid opgedra het, **was daar nie een groter as hierdie een en geeneen was vir Hom meer welgevallig nie!** Neem daarom volgens die Wil van Bo, hierdie **Swaard van Geregtigheid** uit die hand van jou Broer van Bo - op die wyse is ons kinders van een en dieselfde gewyde Vader - en **doen en regeer** daarmee, volgens die Mag van **Wysheid** en volgens die Krag van **Liefde**, tot die beswil van jou familielede en ontsteek in hulle verswakte toestand, die Krag van die lewe en laat die liefde, vir die **Liefde**, van die gewyde Vader, van voor af in hulle harte ontbrand en laat die vlam van die **geregverdigde vrees** vir Elohim ontbrand in hulle harte! Ek sal jou nie verlaat nie, maar onsigbaar en wanneer jy wil, ook sigbaar, aan die sy van my geliefde broer staan, altyd bereid om jou te dien volgens die Wil van die Meester.

[44] Want sien, die oorhandiging van hierdie Swaard beteken vir jou **die volle vryheid**, net soos wat ek dit het en op hierdie manier het die Wil **van JaHWeH jou eie geword** en het jou **bo al die Wette** geplaas en die Gebooie jou eiendom gemaak, nou is jy net soos ek, `n **onsterflike seun van die Liefde** van die gewyde Vader in die skoon ryk van Lig van die vrye Geeste!

[45] En doen so volgens jou liefde en jou wysheid aan jou ouers, broers en susters van jou liggaam!"

(**VERVOLG**) Ek gee kinders en Ek neem kinders omdat hulle aan My behoort. Deur My Liefdeloutering skitter al My diamante, omdat hulle in My krag alleen die suiwering deurstaan. My suiwering kom deur My **Liefde vir My bruid** en nie deur 'n wettiese orde wat kras en gevoelloos My diamante onder die kap van 'n hamer vergruis nie.

Ek het hulle geskape om My sagte Liefde en diensbaarheid te wees. Waak elkeen dan daarteen dat die diamante wat Ek aan julle gee, nie hul glans verloor en breek onder die hamer van wat in My oë, ongeregtigheid is nie.

Laat elkeen wat dors het, kom! Laat My kindertjies na My toe kom! Kom met die vertroue van 'n kind. Kom met die wete en geloof van 'n moeder dat sy slegs by My voete troos en wederbaring kan vind.

Waak nou en spreek My Lewe in daardie dor bene. Weet dat eerstes laaste sal wees en die laastes eerste.

Kom Ek en jy oorwin saam die doodsbeendere in jou, dan spreek ons lewe in die doodsbeendere van My bruid.

## AAN DIE DOGTERS IN MY VOLK

30 Aug 2010

My Dogter, die sagtheid van jou wese maak heel en versprei so die lieflike geur van My Liefde. Ek het jou beklee met teerheid en deursettingsvermoë omdat jy die moeder van My volk is wat met bereidwilligheid kaalvoet oor die berge sal trek terwille van My Naam, moedig en dapper, tog, steeds vrou.

Dieselfde ywer waarmee julle vir My Koninkryk werk, moet jy ook aan jou man betoon, wat Ek oor jou gee as aardse beskermer en voorsiener. Is jy bereid om die kroon te dra onder die ontferming en liefde van jou man?

Ek maan jou om voorbeeldig te lewe. Wees onberispelik in gedrag en terselfdertyd slim en sag. Omdat jy meer ontvanklik is vir My Gees is jou ingesteldheid op die sintuie waarmee Ek jou geseën het baie skerper as die van die meeste Adams wat 'n geneigdheid het om meer op die vleeslike ingestel te wees.

Ek open jou geestesoog sodat jy fyn kan sien en hoor watter hindernisse en allerlei doodsbeendere in die pad van jou en jou gesin mag lê sodat julle nie daaroor hoef te strompel nie, maar trots, hoogmoed en kleingelowigheid verhoed jou om My Stem te hoor.

Waak teen ydelheid. Waak teen die onbeheerste begeerte wat onder sommige vroue heers om die manlike rol in My Orde te wil oorneem. Waarom wil My sagte dogters so graag die broek in jou huis dra?

Jy voel so beswaard omdat jou man jou nie beskerm en laat veilig voel nie – maar jy wil hom oorheers – buite My bepaalde orde uit…!

Behandel jou man soos jy My sou behandel, indien Ek 'n gas in jou huis sou wees. Behandel hom soos 'n koning en hy SAL jou behandel soos MY bruid – 'n koningin wat die kroon van My skepping dra.

Ek het jou kunstig verweef om My sagte liefde uit te straal as koningin en bruid, edel tog vors – maar nederig soos 'n lam en sag soos 'n duif.

My Liefde kry gestalte in jou sodat jy My sagtere toegeneentheid tot My kleintjies en My manne kan verstaan en hulle dit deur jou kan leer ken en verstaan.

In sy aard is 'n man tog 'n beskermer, versorger en 'n paraat soldaat vir My Koninkryk en hy het wel begrip van My Liefde, maar jy My dogter – verstaan daardie Liefde die beste omdat Ek dit met sorg, kunstig in jou verweef het. Julle moet, deur mekaar te help en te ondersteun, doodsbeendere herken om te groei tot julle wedergebaar word.

Die eienskappe wat elk van My ontvang het verskil – aangesien julle My Grootheid nie kan kategoriseer en etiketteer nie en julle My omvang nie nou kan begryp nie het Ek verskillende van My eienskappe aan verskillende mense gegee. Daarom is julle tog almal deel van My Een Liggaam. As julle dit verstaan in die vleeslike sal julle dit eers werklik kan begryp in die geestelike.

Wanneer jy jou man wil oorheers, verkrag jy My sagtheid wreed. Alles in My ganse skepping is in fyn balans. Vergelyk balans met 'n skaal of die begrip van teenoorgesteldes soos julle kleintyd in die skool geleer het. Dit is 'n begrip wat Ek gemaak het sodat julle kan verstaan, maar julle is soms te vol van julself om dit raak te sien.

Jy weet dat alles in die materie tog 'n voor en 'n agterkant het. Of, 'n bokant en 'n onderkant. Teenoor die Suidpool lê tog sekerlik die Noordpool. Soos 'n wiel wat draai, op en af, in en uit soos die werking van die see. Hard en sag – binne buite – Winter en Somer… So is die teenoorgestelde van die Waarheid tog die leuen… Waarom glo julle so graag die leuen?

MAN teenoor VROU – omdat julle nie die teenoorgesteldes van My Raadsplan verstaan nie, sien julle hierdie as 'n rede tot magstryd tussen man en vrou. Daarom word hierdie teenoorgesteldes in julle openbaar gemaak in mekaar se lewens sodat julle vinniger kan groei tot wasdom in My Almag en dat julle des te vinniger wedergebaar kan word.

Aanvaar hierdie Orde want dit is tot jou voordeel. Ek het dit so gewil sodat julle vinniger kan groei. As Ek almal dieselfde geskape het, sou dit julle eons langer geneem het om My in al My fasette te leer ken.

## Lesing 05.02.2019 - Sewe dae van stilte - Lesing 4

Weliswaar is dit ook so dat Ek te omvattend groot is dat julle My in hierdie lewe, selfs na julle in die gees gewederbaar is, ten volle sal kan verstaan.

In alles is 'n Heilige Orde. Jy is nie jou man se slaaf nie, en ook mag hy jou nie so behandel nie, want julle is beide gelykmatige erfgename van My Koninkryk. Beide is tog My kind en ook My bruid. Slegs deur jou vrye keuse word jy 'n slaaf van die teenstander.

Die doel van hierdie vleeslike orde is sodat julle My Heilige Hemelse Orde kan verstaan en vinniger wasdom kan bereik en nie om mekaar te beheer en te onderdruk nie.

Julle moet mekaar se ander helfte (leemtes) aanvul en leer verstaan – daardie sogenaamde teenoorgesteldes – die pole wat mekaar aantrek en die eenheid aanmekaar hou.

Jou lewensmaat is tog jou teenoorgestelde - Jy vra maar wat van jou wat alleen is – Ek Is, is jou Maker en jou Man… Soek maar slegs om My te ken en te verstaan –

Beide man en vrou moet My soek in en bo alles.

Wees gasvry My bruid. Behandel almal asof dit Ek is wat jy ontvang. Buitendien, jy weet nie wanneer jy 'n engel in jou huis ontvang nie.

Julle gebede maak My manne en My kindertjies sterk. Wees 'n vriendin en 'n raadgewer wanneer hy dit nodig het. Wees sy minnares en beminde, sag en liefdevol tog ook vrolik en dra My lig. Maar wees ook standvastig in die geloof en jou liefde vir My.

Die geheim van huweliksgeluk wil Ek met julle deel. Daar is verskillende fasette van My Almag wat julle op hierdie aarde nooit sal kan begryp nie, maar van My geheimenisse kan jy vind in My Adam. (net soos hy die geheimenisse van My in jou moet vind).

Kyk na 'n diamant, elke blinkende deeltjie weerspieël 'n baie klein deeltjie van My wese in jou Adam. Ek wil geloof en aanbid word in al die glorie van elke skitterende deeltjie. Jou Adam is na My Beeld geskape en so ook begeer hy in wese om deur sy wederhelfte geprys te word.

Jou Adam is 'n jagter in murg en been – en Ek gee jou die sleutel om die rustelose jagter se gees te versadig.

Wees vir hom die teenoorgesteldes waarna sy siel hunker en hy sal jou nooit verloën nie, en sal jou as koningin wat My kroon dra, bemin.

1. Wees 'n vriendin vir hom deur dik en dun. Net soos Ek vir julle 'n vriend is. Sonder om te veroordeel luister Ek na alles wat julle in vertroue met My deel. Ek word nie kwaad vir jou nie en Ek vergewe sonder voorwaarde. As vriende saam kan lag en huil is elke las wat gedeel word tog 'n halwe las, dan nie? Ek bewaar al julle geheimenisse in My hart. Julle weet tog dat Ek altyd onvoorwaardelik beskikbaar is vir julle.

2. Wees soos 'n kinderlike speelmaatjie vir hom – wees saam kind wat kinderlik opreg vertrou en op kinderlike wyse jou misnoeë te +—

3. gevoude armpies, 'n reguit ruggie saggies haar standpunt stel en haar voetjie ferm op die grond neer plots… Kan jy kwaad word? Ek kan nie vir jou kwaad wees as jy opreg soos 'n kind na My kom nie… Kom klim julle nie ook met sproetgesiggies en betraande ogies op My skoot nie. Hoe dikwels storm julle nie in My troonkamer in en kom huil op My skoot en vertel My al julle misnoeë nie. Hoe kan hy jou wil beskerm as jy sterk genoeg skyn te wees om self alles te wil doen en dra? Laat hy weet dat jy sy krag en hulp, leiding en ondersteuning, nodig het. Net soos julle albei dit van My nodig het en daarsonder nie kan bestaan nie.

3. Wees vir hom 'n raadgeefster – 'n sake vennoot wat ernstig en aandagtig luister met onverdeelde aandag en met 'n oop kanaal na My en jou fyn gees en al My Liefde in jou, luister ook wanneer Ek influister in jou oor en jou hart sodat jy hom kan raad gee in sy benouinge.

4. Wees sy minnares. Onthou die vyand kom in baie verpakkings… Verpakkings wat maar te graag gewillig is om My huwelik te verwoes.

5. Wees 'n staatmaker en 'n voorslag.

6. 'n Vriendin en 'n moeder 'n sagte vertrooster en tuiste-skepper sodat hy 'n veilige liefdevolle hawe het waarheen hy kan terug vlug na 'n harde dag. Hy smag na jou warmte en liefde.

Vroue maak dikwels die fout dat hulle slegs een deel vervul, maar die jagter smag daarna om ook die ander dele van sy wese te vervul.

So is julle dan soms die vriendin en moederlike versorger van haar man kinders en wonderlike huisvrou. Daar is geen vlek of skande – maar hy smag ook na die minnares wat lewegewend is en in sy diepste wese begeer om bemin en bewonder te word (net soos Ek begeer om bemin en bewonder te word).

Dit is juis hier wat die vyand nie noodwendig slegte vroue oor sy pad stuur nie, maar vroue wat die ander helfte van die rol vertolk. As julle die rol van beide die vroue in een pakket kan vervul, stel jy die teenstander skadeloos (binne perke) in jou huwelik.

Om hierdie rede is manne dikwels ontrou. Hulle erken dat hulle 'n goeie vrou het, maar smag ook na 'n ander onvervulde deel van sy wese. Dit is baie moeilik vir hom en hy verstaan self nie hoe hy aanmekaar geweef is nie.

Hy sal jou dan bemin soos Ek My bruid bemin.

Jy, My skitter ster, Ek weet dat jy en vele ander vroue My innigliк bemin en dat jy My skepping geniet en My Almag daarin bewonder. My natuurskoon – die skeppingswerk van My hande met bewondering betrag. Jy sien elke detail en verstaan die omvang van die sorg en liefde daarvan. Jy bewonder My vir al my kunswerke wat Ek gemaak het sodat julle My ook daarin kan dien en eer. Vanaf die wonder van die sterre en hemelligte wat Ek in die uitspansel gegooi het met My Hand, die berge wat groot en majestueus oor julle en alles hier op My adamah troon – tot die kleinste fynste blommetjie, goggatjie en blaartjie. Ek het dit vir julle kunstig en met sorg en Liefde aanmekaar geweef sodat julle My kan bewonder en My Liefde meer en meer kan begeer en om na My toe te wil terugkeer.

Nadat Ek dit alles gemaak het, het Ek gesien dat Adam 'n maat nodig het, maar ook het Ek na die bewondering van My beminde bruid gesmag wat met sagtheid van gees en liefdevolle eerbied na My sal kyk.

Ek het die wonder van My fynste kunswerk en die Almag van My uiterste liefde in gedagte gehou toe Ek jou, vrou, uit Adam se rib geneem het.

Ek het jou kunstig met My Liefde gemaak en jy het op My bevel lewend geword om My te eer en vir My kinders met naasteliefde te versorg en te lei.

Deur jou, vind Adam dele van My wat hy andersins baie moeilik sou kon vind.

Ek sing oor jou as Ek sien hoe jy My kunstigheid geniet en bewonder. Daarom dat jy, sagte vrou van liefde die kroon van My skepping dra, statig soos 'n bruid, 'n koningin wat heers saam met haar Bruidegom.

Op elke man, vrou en kind se palet het Ek verskillende kleurpotlode gegee. Met ander woorde, verskillende gawes en talente. Elke dag is julle besig om te skilder aan My groot droom, dat julle elkeen sal terugkom na My toe. Wat doen jy met jou blou, geel, groen en pienk potlode (talente)? Weet jy dat jou kleure nie beter is as 'n ander se geel, oranje en pers nie.?

Al die kleure wat Ek gegee het (talente) maak tog op die einde die perfekte prentjie. Daarom het julle mekaar nodig. Teenoorgesteldes geld ook in 'n kleurwiel. Dit sou vir ewig geduur het as julle elkeen elke kleur apart en alleen moes soek. Werk saam, teken saam, soek saam, want saam sal julle My, die Almagtige, Ek Is, vind en beter leer verstaan.

Dit is vir eers genoeg.

### N NUWE SEISOEN HET AANGEBREEK.

1 September 2010

Deur die ewige, konstante getye van die see; veroorsaak soos julle reeds weet, deur die wisselwerking tussen My Adamah, Son (My ewige helende lig) en die Maan (My Wysheid en sagte liefde); ontstaan die kom en gaan van seisoene. Dit is belangrik dat julle die begrip verstaan aangesien in alles daar geestelike verborgenhede skuil wat van toepassing is in die alledaagse bestaan van my Adamah.

In My Woord bemoedig ek julle telkemale om antwoorde van die wonder van My Almag in die natuur te vind. Nimmereindigende wisselwerking wat reeds ontelbare eons besig is om tot op hierdie dag te kom waar julle nou is – en steeds na tyd en ewigheid sal Ek steeds besig wees om julle tot insigte te bring tot julle almal na My toe terugkeer.

Ek openbaar my goedheid aan hulle wat My in opregtheid soek. My vele geheimenisse maak Ek elke dag aan julle openbaar, maar julle dra oogklappe en is so vasgevang in sorge en jul verkniesing oor wat môre mag bring, dat julle vergeet om my geheimenisse reg voor julle oë te sien omvou.

Kom vra My, die Groot Ek Is, om My geheimenisse in die natuur aan julle te openbaar. Niks bestaan wat nie reeds bestaan het nie. Elke wisselwerking, van die kleinste tot die grootste het Ek haarfyn beplan. Kom vra My om julle te gaan wys hoe dit was toe ek met My hand die hemel ligte in perfekte orde die ewige lig ingegooi het. Kom sit by My en vra My hoekom Ek so lief is vir 'n seekoei?

Job, My dienskneg het dit verstaan toe hy met My geworstel het. Hy het diep begeer om hierdie wisselwerkinge te verstaan. Hy het deur sy potskerf-ashoop-allesverloren-winter uiteindelik ook die wonder van My natuur verstaan. Hy het verstaan wat Ek vir julle probeer leer.

Kom sit by My dat Ek jou kan vertel van al die geheimenisse van die mier wat self dieper insigte het in die wisselwerking van die seisoene as hulle waarvoor Ek alles gemaak het.

# Lesing 08.02.2019 - Sewe dae van stilte - Lesing 7

(**Vervolg**) Sonder seisoene kan julle nie die groei waarneem met die blote oog nie en sou julle ook nie so maklik besef het dat in My Almag ek ook beskik het dat plant en dier nodig het om in My rus te gaan.

Die winter wat op die Suidpunt van Afrika gebeur is met 'n doel lelik, swart en dor. Ek het dit so gewil sodat julle die groei en nuwe lewe van my beloftes kragtig in werking kan sien.

Die **geestelike seisoene** loop nie noodwendig hand aan hand met die fisiese nie, en sommige van julle voel dat julle van jul geboorte af reeds in die winter sit. Dit is onwaar. Julle het bloot so diep gedaal in die donker, dor, swart verbrande put, dat julle vergeet het om al die wonderlike nuwe lewe wat Ek stuur raak te sien. Seisoene kom en gaan voortdurend – waak en bid dat julle bedag sal wees om die eerste tekens en belofte van 'n komende nuwe begin en nuwe lewe sal kan raaksien wanneer die **vyebome** begin bot. Deur loutering van vuur en pyn alleen kan nuwe lewe uitspruit.

Het jy al een oggend opgestaan en verstom na jou asem gesnak – want, skielik toe jy dink dat jy vergeefs op die lente wag, het Ek in die nag, terwyl jy gerus het, miljoene groen blaartjies en pienk lente blommetjies laat uitspruit sodat My geknakte riete nie breek nie. Sou jy al hierdie wonderwerke en beloftes van nuwe lewe so sterk kon ervaar, sonder die winter?

**Ek Is,** openbaar Myself op sovele geleenthede en maniere aan julle, maar julle verseg om die Wysheid in ietsie so klein soos die mier te gaan soek. Julle soek wonderwerke, maar kyk My oneindige genade en liefde skoon mis – elke dag.

Kyk, Ek gee jou geleentheid om in hierdie lente, die vrug van jou arbeid te kan sien. Let op na die pienk bloeisels. Weldra verdor dit en val af – maar nie voor jou en My vrugte nie te voorskyn kom nie. So sal Die Vrugteboer dan in die lente selfs verder snoei deur van die goeie bome se jong vruggies uit te dun sodat die oorblywende ander vrugte selfs beter, groter, soeter en sterker kan groei. As Ek dit nie doen nie, sal jou takke breek en jou vrugte sal nie voed nie, maar eerder die eter smaakloos en dor agterlaat. Laat die vrugte wat julle dra soet soos nektar wees, vol lewegewende sap wat oorvloedig vloei uit die skatkamers van My Liefde. Dit is nodig dat Ek van die vrugte sal uitdun – dit mag self vir die sterk lenteboom onregverdig voel, maar hou goeie moed en weet dit is nodig. Waak teen vrugte van **geregtigheid en hoogmoed**. Waak teen vrugte wat begerig is om te heers en **eiebelang** te soek. Soek nie om gedank en geprys te word oor die vrugte wat jy dra nie. My seisoene reinig. Pluk daardie vrugte uit voordat Ek verby kom en dalk die boom afkap.

Baie van julle het self en vrywillig aan julle boorde gesnoei. Dit is 'n seer en pynigende proses en soms, wanneer Ekself in my boorde rondstap, en begin snoei, bly daar maar 'n paar oënskynlike dorre takke oor. Op My bevel breek die lente aan en binne enkele oomblikke is jou takke oortrek met pragtige pienk bloeisels wat te kenne gee dat die seisoen draai.

**Ek Is** skenk uit My groot liefde vir julle ook soms 'n geestelike 'spring gety'. Julle opregtheid, aanbidding en toewyding aan My en My kinders wat wees, honger en koud verdwaal is, wel dan so geweldig op in My dat My seëninge en guns jou bestraal, omvou en verby vat. My groot liefde gee nou vir my kinders so 'n 'spring gety'. **Strome van seën en oorvloed** stroom oor dorre akkers en ontwaak die groen weivelde, waar My Lewende Waters 'n verskroeide Aarde weer oprig. Kom, kom My lammertjies wat Ek so liefhet, kom drink van My strome van seën.

Julle het **innerlike** genesing en versterking nodig vir die tye wat kom. Kom. Kom na My toe. My Krag en Almag sal julle lei. My Krag sal jou onsienbaar maak – My Krag sal jou verlos – maar vir nou, sien die werking van My seisoene soos deur die oog van 'n kind.

MAAK REG, MAAK REG, KEER TERUG JONGMENSE, SOEK MY AANGESIG

2 September 2010

Kinders is geen katalisator vir julle booshede nie – maar hulle is wel die katalisator vir my vurige woede op elkeen wat hulle skuldig maak aan die verwoesting van die brose siel van My kindertjies.

Groot woede wel in My op as ek sien hoeveel van My kleintjies se lewens verwoes word deur selfsugtige, kortsigtige en wellustige selfbevredigende redenasies deur diegene wat hulself heel dikwels gelowiges noem.

Ek wandel deur My Akker, My Adamah, wat Ek met sorg en liefde voorberei het in die aandlug en al wat EK IS sien, is gebroke kindertjies wat geen benul van MY groot liefde het nie. Soos 'n hert smag na waterstrome, smag hulle na die Liefde, maar besef dit nie, want hulle het geen begrip van wat dit mag beteken nie. Hulle wend hulle dan na My teenstander. Hy trek hulle sonder moeite die donker duisternis in, want julle het hulle nie van My innige en ewige liefde geleer nie.

Julle vra verwonderd waarom? Ek oorlaai My gewillige dienaar en bereidwillige luisteraar met 'n las van pyn en smart nie veel verskillend van My fisiese dood nie. Ek maak aan haar openbaar die smart en pyn van elke grootmens, oumens en kindjie. Ek het op haar vir een nag al die pyn en verwoesting laat ervaar.

Ek openbaar aan haar al hierdie dinge sodat iemand die pyn kan verstaan. Engele gaan heen en ween en skeur hul 'klere' en smeer hul hoofde met as. My woede is 'n verterende vuur. Wee hulle wat my kindertjies te nakom. Nie net hulle wat vandag klein is nie – maar ook oor die klein kind wat in elke grootmens skuil en wat steeds bang en verwese wegkruip as gevolg van mishandeling en misbruik en verkragting van hulle brose siel, al het dit jare gelede gebeur.

Julle sê, ons verstaan nie? Die slim geleerdes is verwonderd oor die ondergang en val van My volk – en ja, daar is vele redes wat nie nou ter sprake is nie.

Die rede van My heilige orde is ten eerstens beskerming van My bruid, My Volk, My kindertjies aan wie die Koninkryk behoort. In aardse terme, aan jou Adam en Vrou van Adam – jou bruid, jou huwelik en My kindertjies.

Die orde was versteur toe julle te materialisties geword het. Die lewe draai daaroor dat julle slegs julle eie vieslike wellustigheid en begeertes bo My orde gestel het. In julle gejaag na meer en meer geld en goed, het julle My kindertjies aan hulle eie genade oorgelaat en dikwels met 'n hand vol geld die strate ingestuur waarvan julle nou self die vrugte pluk. Die vroue wat Ek met soveel liefde inmekaar geweef het, het hul liggame verydel en hulself soos hoere aan hul vleeslike begeertes oorgegee. Julle gebruik en misbruik My kindertjies. Julle dra allerlei vieslikhede aan hulle oor. Hulle word mishandel, verwoes en vernietig. Julle gebruik hulle selfs as seksuele slawe. Jou eie bloed – My bloed, stuit julle in julle begeertes nie!

Jong meisies wat gister se klein mishandelde dogtertjies is, word groot en dink dat dit reg is. Ouers keur die kinders se losbandigheid goed!!! Hulle dra in hulle die sieledeeltjies van soms honderde wellustige mans. Hul eie pa's, broers, familielede verkrag hulle en dan loop hulle gebroke, stukkend en probeer om op verwronge maniere dit wat hulle dink hulle verstaan, toe te pas in die lewe.

Klein seuntjies wat My Volk moet rig en lei eendag, leer by julle, die grootmense dat ontug, aggressie, liefdeloosheid en wêreldse vieslikhede normaal en natuurlik is.

Hulle leer by JULLE. Hulle dink dit is reg en aanvaar dat dit is hoe die wêreld werk. Hulle verag My Liefde en My Orde, omdat hulle nie van beter weet nie. Ek besoek jou en verneem vandag by jou, het jy my lammertjies in liefde laat wei? My woede is 'n verterende vuur.

Hulle ken en verstaan nie wat sedelikheid en kuisheid beteken nie. Hulle dink reinheid is 'n grap. Moet ek hulle dan veroordeel? – wee hulle wat My kindertjies laat struikel.

Ouers gebruik kindertjies as katalisator om sogenaamde huwelike te red! Hulle gebruik My kindertjies om die ander party mee te straf.

Julle gebruik MY, DIE ALMAGTIGE, se kindertjies om julle eie walg¬like begeertes mee te bevredig en sodoende stuur julle MY VOLK die afgrond in. Bekeer julle van julle vieslikhede. My woede is 'n verterende vuur.

Jong meisies word swanger op vroeë ouderdomme wanneer die vuur en hartstog nog sluimerend moes wees, maar julle het hulle in die huis waar hulle veilig moes wees vir julle eie gewin misbruik. Wonder julle nog waarom julle dan vervalle en verwaarloos lewe – in 'n sielenag van hel wat nou erger is as ooit? Julle beskuldig in alles My teenstander, en ook is julle nie heeltemal verkeerd nie – maar dit was julle vrye keuse om doelbewus teen My wil en orde te gaan.

Julle gaan vuil om met 'n Heilige daad wat Ek geskep het, sodat julle kan groei in mekaar en in My, waarmee julle die Adamah moes vul, sodat My Heerlikheid en Almag deur My Volk besing kon word.

Het julle al die geneigdheid waargeneem van jong kinders wat swanger word om 'n man te vang? Hulle

## Lesing 07.02.2019 - Sewe dae van stilte - Lesing 6

**Openbaring op 07/02/19 24H30 aan Daniel Grobbelaar**

"MY kneg, EK, EK IS WAT EK IS, sal elkeen van julle wat MY uit Liefde WIL gehoorsaam en volgens hierdie wil handel, bekragtig en neem na weivelde van diepere Verborgenhede en Wysheid. EK sal julle elkeen lei aan die hand, Hand aan hand, en EK sal julle op die Weg hou en aanwys wat julle moet gaan.

Baie sal MY en MY Waarheid verag en verwerp; Baie sal omdraai en wegloop na hulle soveel vanuit MY Hand van Barmhartigheid ontvang het. Hulle sal verstrengel raak in hulle eie besoedelde gedagtes van hoogmoed, eie-eer en eie-geregtigheid. Hulle sal hulleself voor MY probeer regverdig ooreenkomstig hulle dwase en liefdelose denke en handelinge. Hulle sal verskonings opdis voor MY Troon oor waarom hulle nie MY gehoorsaam het en MY Opdragte uitgevoer het in LIEFDE nie. Hulle sal onder die Berg staan en EK sal saam MY Bruid terugkeer vanaf die Bergtop en ONS sal hulle besig vind met die aanbidding van die goue kalf! EK sal in MY Toorn ontvlam en MY Vuur sal uitgaan teen hulle hoofde wat MY vergeet en opsetlik verwerp het! Wanneer die LIEFDE aangebied word deur Barmhartigheid vanuit MY VADERHART, en dan nie aangeneem en omhels word nie, dan tree MY GEREGTIGHEID in: MY Vlammende Swaard! Hulle het MY Barmhartigheid en Verlossing verwerp en het net soos die nageslag van Esau in MY Aangesig gespoeg en die Waarheid weggejaag. Hulle sal verstrik word in hulle eie self-opgestelde waarhede en daarop sal hulle trone bou op sand, omdat hulle vele self-aangestelde predikers en profete wil wees wat NIE deur MY verorden en uitverkies is nie! Baie sal mislei word deur hulle verlokkende woorde wat vele ore streel, wat geen woorde van WAARHEID VANUIT MY is nie! Die WAARHEID is nie welkom as klank in die ore van misleides en die wat mislei nie. Hulle sal MY Woorde hoor, maar hulle sal MY Woorde verwerp omdat hulle die Boek aanbid en nie die Outeur daarvan nie. Hulle aanbid fisiese voorwerpe en beelde, maar wanneer dit kom by MY Woorde van Waarheid en LIEFDE deur MY Boodskappers, dan val die saad op klipharde teer in menseharte wat deur die materie wegsink. Hulle sal aardse skatte vergader en met oogklappe rondloop en rondval in die duister stand van hulle lewenswyses. Hulle sal die Waarheid vervolg en die daders en verkondigers daarvan, haat.

Verraad is 'n stukkende woord MY kneg en dit is 'n woord wat MY Toorn opwek en MY VADERHART met trane vul!

Daar was, is en sal nog baie Judas Iskariot navolgers tussen julle wees: verraaiers van MY Apartheid en Waarheid! Hulle sal julle infiltreer en van binne af sal hulle inligting bekom en dit terwyl hulle hulself sal voordoen as julle geliefde broers en susters. En op die einde sal hulle julle verraai by die vyande om julle, MY kinders, MY Geloftevolk, ten gronde te bring. MY Geloftevolk, die LIEFDESLAER is wel verseël terwyl julle daarin vertoef in MY Vleuels, maar binne-in die LAER is daar klippe van verraad en EK stuur MY Vier Arende met hulle fyn ingestelde skerp oë om julle in te lig oor wie hulle is. In MY Hemele is daar veelogiges wie se taak dit is om as getuies van sig en openbaring op te tree. NIKS is voor MY verborge nie en alles wat julle in die geheim doen ten nadeel van LIEFDE sal GEOPENBAAR word voor MY Aangesig en voor AL MY Getuies van WAARHEID en LIEFDE. MY LIG deurstraal ALLES wat is, was en sal wees! Julle sal rekenskap gee oor AL julle dade, gedagtes en woorde van onregverdigheid, liefdeloosheid, leuens, bedrog en ongeregtigheid. Dit SAL julle doen en julle sal verantwoording doen omdat julle deur sulke gruweldade, vele siele tot struikeling gebring en mislei het tot ongehoorsaamheid aan MY, die EWIGE EL en VADER!

MY Dogter van Sion, en meer spesifiek spreek EK tot julle, MY Boere-Gilgaliete: Wees nie bevrees nie! Kyk NET op na MY en SIEN, HOOR en VOEL MY! MY Kneg Henog het na die Suide gereis en 'n geheim gesien. Dit moet julle nou verstaan: Nog ALTYD was EK met MY Boerevolk OOGAPPEL en nog ALTYD was EK getrou aan MY Beloftes wanneer julle MY aangeroep het en 'n Gelofte aan MY gedoen het vanuit julle LIEFDE-GEVULDE harte. MY Dogter, EK het neergedaal op die Dag van Bloedrivier en julle het gesien! EK het neergedaal op die Dag van Gilgal en julle het gesien! EK lei julle na die finale Gelofte wat as verbinding ingesluit moet word in MY en julle EENHEID: Die Dag van Paardekraal! Die Oorwinning is gegee en julle Offer van Ons Sewe Dae Verbond het EK aanvaar; nog verdere Suiwering geskied en nog verdere inwyding is in werking om julle op te lei in GEES en WAARHEID vir die Tyd wat nou aanbreek. Wees nie bevrees nie en wees kalm op die see deur die golwe te gebied in MY NAAM. Vir julle wat weggedraai het en vir julle wat nog nie binne MY LIEFDESLAER VAN BARMHARTIGHEID EN VERLOSSING gekom het nie: EK NOOI JULLE UIT om julle harte finaal vir MY te offer, en hierdie, is voor die uitbreek van die Dodelike Oorlog en Natuurramp. Open julle oë en harte en ore, en LOS julle hardkoppigheid en neem MY LIEFDE op en LOOP in LIEFDE op MY Weg van Ewige LEWE!

MY Dogter, MY Oogappel: EK het MY Kneg vanaand deur 'n handbeweging na die volgende Skrif gelei en MY kneg sal dit hier-in plaas. Let op en wees paraat! Hoor wat die GEES aan die Gemeente sê. Luister na MY inspraak en HOU AAN SEËN!"

VADER het my, Daniel, gelei na die volgende vers:

Henog 36 Vers 1:

"Daarvandaan is ek (Henog) na die Suide tot aan die eindes van die Aarde, en ek het Drie Poorte van die Hemele geopen gesien, en daarvandaan het dou, reën en wind gekom."

"Dit is vir eers genoeg vir nou MY kneg. Gaan rus in MY Stille Barmhartigheid. EK IS."

dink dat dit ‘n handige aksie is om mee te manipuleer en hulle dink dit is liefde. In hulle desperate soeke na liefde word hul so verlaag en verneder dat daar min of geen van My in hulle meer sigbaar is nie. Hulle weet nie eens meer dat dit EK is wat liefde is nie.

Hulle haat en verag My, soos wat ek op Golgota gehaat en verag was. My Adamah is dor – gebroke sonder die enigste gom wat bestaan; - die gom van My liefde.

As elkeen maar net by hulle ouers van My liefde kon leer ken en verstaan! Dit is tog hoe Ek dit bedoel het om te wees. Maak reg, maak reg. Keer terug, jongmense. Soek My aangesig terwyl julle nog jonk is. Wee jou wat My kindertjies laat struikel. My woede is gloeiende kole.

Julle sal vir eons die vuur van My woede op die pyn van My kindertjies ervaar wat julle laat struikel het. Elke sekonde is ‘n tyd plus ‘n ewigheid.

My Engele ween en sê maak reg, want die Koning van alle Konings kom. Hy kom met gloeiende oë en tweesnydende swaard. Laat almal wat ‘n oor het om te hoor, hoor.

Julle pyn het nog maar begin. Laat My kindertjies na My toe kom, moet hulle NIE verhoed nie.

Jong meisies, My pragtige bruidjies, kom dat Ek julle kan skoon was. Kom dat Ek julle kan heelmaak en troos. My liefde is so sag en so mooi, maar My Toorn op julle, die doeners van die kwaad, is ‘n geweldige vuur.

Dit wat in julle is, is nie van My nie. Dit is nie My Wil dat dit so met julle gaan nie. Ek sien julle gebrokenheid van hart en gees. Ek sien en ken julle smart en pyn.

Hoor My roep! Julle het My kosbare pêrels voor die varke gegooi, maar Ek kan julle skoon was.

My volk het hulleself voor die varke gegooi, julle het versleg in vieslikhede waarvan My teenstander die outeur is. Julle is besmet en vuil.

Kom maak reg. Kyk, die tyd is min. Ek wandel in die skemer en Ek roep julle. Kom, jy wat smag na die strome van lewe. Kom, wend jou na My, die Groot Geneesheer, want die tyd gaan haas verby.

So spreek Ek in liefde en smeking tot my Volk, My Bruid.